

Skaapbrandsiekte: 'n Ou probleem wat net nie wil wyk nie

Deur dr JG Nel, tegniese veeartsenykundige konsultant, Kyron Agri

Skaapbrandsiekte is 'n toestand wat veroorsaak word deur die *Psoroptes ovis*-myt, 'n klein parasiet wat slegs onder 'n mikroskoop sigbaar is. Dit is 'n toestand wat al 'n geruime tyd bestaan; dit word in die Bybel en deur geleerdes van die antieke tye genoem.

Hierdie toestand lei tot erge jeuk, byt en krap met daaropvolgende skurftevorming en uitgebreide wolverliese. Die lewensiklus van die skaapbrandsiektemyt neem ongeveer 14 dae. Die ontwikkelingsstadium van eiers tot larwes, nimfe en volwassenes word in 'n baie kort tydperk voltooi.

Besmetting en gevolglike simptome ontwikkel gewoonlik vinnig en gevolglik kan skaapbrandsiekte soos 'n veldbrand deur 'n trop skape versprei. Dit is oor die algemeen 'n probleem tussen herfs en lente, en oorwegend gedurende die wintermaande. 'n Veearts kan 'n positiewe diagnose maak deur velskrabe van die aangetaste letsels te neem en die myt onder 'n mikroskoop te identifiseer.

Ekonomiese implikasies

Skaapbrandsiekte kan ernstige ekonomiese verliese tot gevolg hê as gevolg van uitgebreide wolverliese en potensiële produksieverliese. Die skaap se voerinnamte verlaag, met daaropvolgende gewigsverlies. Behandeling en arbeidskoste dra by tot die ekonomiese implikasies.

Dit is 'n staatsbeheerde siekte en gevalle moet dus by die plaaslike staatsveearts aangemeld word. Plase wat geraak word moet onder kwarantyn geplaas word en al die skape op die plaas moet strategies en met 'n goedgekeurde produk behandel word. Die plaas sal vir 'n tydperk onder kwarantyn bly, totdat die staatsveearts bepaal dat die besmetting onder beheer is.

Beskikbare behandelingsopsies

Skaapbrandsiekte kan of topikaal behandel word deur gebruik te maak van amitrazdompeldipstowwe, of sistemies deur makrosikliese laktone soos ivermektien, doramektien of moksidektien in te spuit. Twee behandelings met 'n interval van sewe tot tien dae is nodig.

'n Alternatiewe behandelingstrategie sou wees om 'n enkele behandeling met 'n doramektien inspuitbare oplossing teen 'n hoër dosis (1,5x) te gebruik. Dit is van uiterste belang dat elke dier op die plaas behandel word. Indien 'n dier nie doeltreffend behandel word nie, sal die besmetting weer voorkom en tot nog 'n uitbreking lei. Elke dier moet na behandeling gemerk word om te verseker dat al die diere behandel is.

Bestuur en beheer

Biosekuriteitsbeginsels moet gehandhaaf word om te verhoed dat 'n besmetting op die plaas voorkom. Diere moet van betroubare bronne aangekoop word.

Alle nuwe diere wat op die plaas aankom, moet vir ten minste 14 tot 21 dae apart gehou word en vir tekens van skaapbrandsiekte ondersoek word. Indien enige vermoede bestaan dat die diere besmet is, moet dit verkieslik akkuraat gediagnoseer word. Behandeling moet so gou as moontlik daarna begin.

Die myt kan vir twee tot drie weke van die gasheer af in die omgewing, in klompe wol op heinings, of in houkrale oorleef. Sorg dus dat naburige kampe waar skaapbrandsiekte voorgekom het, vir ten minste drie tot vier weke vermy word.

Soortgelyke toestande

Ander siektes en toestande met soortgelyke simptome as skaapbrandsiekte, sluit ernstige luisbesmetting sowel as besmetting met Australiese jeukmyt in. Luise is 'n bron van kommer in die kouer maande, en talle jong en ouer, verswakte diere word erger aangetas. Die lewensiklus is langer en die besmetting versprei gewoonlik stadiger in vergelyking met skaapbrandsiekte.

Australiese jeukmyt is gewoonlik 'n probleem gedurende die warmer maande, van lente tot somer. Dit is dus belangrik om die oorsaak te diagnoseer, en die korrekte behandelingstrategie en produk te kies. **VP**

Vir meer inligting en bronverwysings, kontak die outeur by epos.jg.nel@kyronagri.com of skakel 012 346 2095.

The injection that kills external & internal parasites in cattle & sheep* (Data on file)

Available in: 50 ml & 500 ml

Reg. No. G3912 Act 36/1947; [NSO] V13/18,1,8/1190 Act 13/2003; Doramectin 1,0 % m/v; Vitamin A 3,3 % m/v; Vitamin D₃ 0,01 % m/v; Vitamin E 5,0 % m/v

DORAJECT LA +AD₃E

THE BROAD SPECTRUM ANTIPARASITIC AGENT

PLUS Vitamin Booster for Livestock
(Contain Vitamins A, D₃ & E)

*Cattle: gastro-intestinal roundworms, paratuberculosis, screwworm, single-host ticks; Sheep: sheep roundworms, sheep scab, nasal worm, blowfly strike, itch mites.

Registration Holder: Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.